So is ons verraai (25)

Uit: Kruger, Paul: *Settlement of the Boer-Afrikaner People's claim to territorial self-determination: Inviting international intervention.* (**Verkrygbaar by** Chantal Kruger, VVK-kantoor, tel. 079 740 7214).

APARTHEID, 1948-1994 (15)

Grondwetlike vooruitgang, 'n sterk ekonomie en 'n vermoorde Eerste Minister: 1960-1966

Die grondwetlike vrymaking waarmee die NP gedurende die vyftigerjare in die tuislande begin het, is in 1960 gevolg deur die laaste stap om die oorblyfsels van die Britse era in Suid-Afrika te beëindig toe die blanke kiesers in 'n referendum "Ja" gestem het sodat Suid-Afrika op 31 Mei 1961 'n republiek geword het. Daarmee is die simboliese gesag wat die Britse Kroon sedert 1934 oor die land behou het, finaal afgeskud. Intussen is die maatreëls om die selfstandigheid van die tuislande te bevorder, steeds voortgesit.

Die afgryse van *Uhuru*, die Sharpeville-gebeure en die beroeringe daarna was 'n keerpunt in die gemoed van wit Suid-Afrikaners. In die nasionale verkiesing van 1961 het net een party, die Progressiewe Party, 'n veelrassige kieserslys (boonop met baie streng kieserkwalifikasies) voorgestaan. Die party het 'n enkele setel in die parlement verower — dié van Helen Suzman (*Giliomee: 471*). Politieke regte vir swartes buite die tuislande was absoluut onaanvaarbaar.

Teen die middel van die sestigerjare was armoede en ellende 'n tragiese kenmerk van die nuwe onafhanklike Afrikastate. In skrille kontras daarmee het die Suid-Afrikaanse ekonomie ongeëwenaarde hoogtes van voorspoed bereik — veral onder die leierskap van Eerste Minister dr. H.F. Verwoerd. Groot ambisieuse programme vir ontwikkeling van infrastruktuur is van stapel gestuur: kragstasies, reusedamme en besproeiingskemas, kommunikasienetwerke, snelweë, brûe en tonnels, hawens, lughawens, uitbreiding van die spoorweë en nog vele meer (*Mulder & Cruywagen: 104-144*). Selfs ná aanpassings vir inflasie, het die jaarlikse waarde van goedere en dienste wat in Suid-Afrika geproduseer is (die Bruto Binnelandse Produk ofte wel BBP) met 'n verbysterende 149% in die eerste 18 jaar van apartheidsregering gestyg. Teen 1966 was die Rand byna dubbel die waarde van die Amerikaanse dollar en deur goud geborg; die ekonomie het jaarliks gemiddeld met 6% gegroei, reuse buitelandse beleggings het die land ingestroom en inflasie was 'n geringe 2%. Werkloosheid onder Wit en Swart het prakties nie bestaan nie. 'n Toonaangewende Londense makelaar het opgemerk dat Suid-Afrika "*one of the last genuinely capitalist countries in the world*" was en die *Time* het in Augustus 1966 geskryf dat "*South Africa is in the middle of a massive boom*" (*Mulder & Cruywagen: 104-105; Giliomee: 493*).

Enkele dae nadat hierdie artikel verskyn het, is die Suid-Afrikaanse Eerste Minister, Hendrik French Verwoerd, in sy parlementêre bank met 'n dolk doodgesteek. Snaaks

genoeg het die sluipmoordenaar ’n kriminele verhoor vrygespring omdat hy “geestelik versteurd” sou wees – net soos sy onsuksesvolle voorganger ses jaar tevore (*Grobbelaar: 72; Van Wyk: 63*).

Die sewentigerjare, selfonderhoudendheid en “Bantoestans”

In die vroeë sewentigerjare het die Bantoe (later Swart) Aangeleenthede Administrasiewet No 45 van 1971 (*Bantu Affairs Administration Act*) die hele Suid-Afrika buite die tuislande in 22 groot streke verdeel, wat elk onder die beheer van ’n Administrasieraad geval het. Hierdie rade het die verantwoordelikheid vir alle swart aangeleenthede in hulle onderskeie streke by die honderde munisipaliteite en ander liggame wat voorheen met die verskeie aspekte van swart adiminstrasie belas was, oorgeneem. Onder dié rade se beheer het die swartes baie groter vryheid van beweging geniet, met gevolglike groter geleenthede vir indiensneming en beter ekonomiese omstandighede. Dit het baie tot die binnelandse rustigheid en stabiliteit bygedra wat die eerste tien bewindsjare van Verwoerd se opvolger, B.J. Vorster, gekenmerk het.

Toe, in 1976, het skoolonluste onder aanstigting van die *Black Consciousness Movement* (Swart Bewussynsbeweging) in die groot swart stadsgebied Soweto uitgebreek. Die Soweto-onluste is nie deur sogenaamde “nie-rassige“ ideale van die ANC geïnspireer nie. Die belangrikste swart bewussynsgroeperings, die BPC (*Black People’s Convention*) en SASO (*South African Students Organization*) het met die ANC se voorgegewe idee van nierassigheid gespot en het rasse-integrasie verwerp. Eweneens was hulle ook teen die aanwesigheid van “wit setlaars” gekant. Hulle mees prominente leier was ’n voormalige mediese student in die Oos-Kaap, Steve Biko.

“Die weerstand van swart leerlinge teen die invoer van Afrikaans as onderrigmedium in hulle skole”, wat wêreldwyd as die rede vir die Swart Bewussyn se opstande in Soweto voorgehou word, is ’n blatante leuen. Vóór apartheid was dit trouens die Britse stelsel vir swart onderwys wat die swart tale en kultuur vertrap het deur swart skoolkinders in swart Engelse te probeer verander (*Mandela: 44*). Die koms van apartheid het vir die eerste keer die besef by swart leerlinge tuisgebring dat hulle onderwys nie langer ten doel gehad het om hulle van hulle eie kultuur en gemeenskap te vervreem nie; dat hulle eie tale ’n medium van vooruitgang kon word; dat die leerlinge — en deur hulle, hulle gemeenskappe — verstandelik, maatskaplik en ekonomies vinniger kon vorder deur in hul moedertaal onderrig te word (*Grobbelaar: 51; Mulder & Cruywagen: 172*).

Weens hierdie faktore was die NP altyd ’n stoere ondersteuner van moedertaalonderrig vir swart en wit, en dit was ook die posisie in Soweto, ofskoon onderwys daar — soos in alle ander swart skole — nie deur die swart massas nie, maar deur die blankes befonds is. (*Word vervolg*)